higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Tweede vraestel)

(9090154)

10 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

282Q2J2110

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Projeksie

1.1.2 Nabootsing

1.1.3 Sublimering

1.1.4 Verplasing

1.1.5 Vergoeding

1.1.6 Agteruitgang

1.1.7 Verdringing

1.1.8 Motivering

1.1.9 Biologiese motivering

1.1.10 Sosiale motivering

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die onbewuste bestaan uit inligting wat gedrag beïnvloed, maar nie vir die bewuste toeganklik is nie.

1.2.2 Gedrag word deur ervaring beïnvloed.

1.2.3 Onbewuste motivering is ’n impuls om behoeftes waarvan ons bewus is, te bevredig.

1.2.4 Gedrag kan gemotiveer word deur behoeftes wat nie begryp word nie.

1.2.5 Ons is verantwoordelik vir ons gedrag.

1.2.6 Die bevrediging van behoeftes veroorsaak spanning.

1.2.7 Gedrag kan kultureel gemotiveer wees.

1.2.8 Fisiologiese en sielkundige motiverings kan oorvleuel.

Kopiereg voorbehou

1.2.9 Ons het twee bewustheidsvlakke.

1.2.10 Ons kan al ons behoeftes op ons ou dag bevredig.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Lys VIER voorbeelde van ongewone oorsake van stres. (4 × 1) (4)

2.2 Verduidelik die verskil tussen *statiese homeostase* en *dinamiese homeostase*. (2 × 2) (4)

2.3 Skets 'n diagram in piramide-/driehoekvorm om Maslow se hiërargie van behoeftes voor te stel en gee byskrifte vir elke vlak. (7)

2.4 Watter moontlike probleme kan ons by volwassenes verwag wat emosionele verwaarlosing in hul kinderjare ervaar het? (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Gee VIER voorbeelde van sosiale motiewe vir mense se gedrag. (4 × 1) (4)

3.2 Verduidelik die volgende bewustheidsvlakke:

3.2.1 Die bewuste

3.2.2 Die onbewuste

(2 × 2) (4)

3.3 Gebruik ons behoefte aan suurstof as 'n voorbeeld om te verduidelik hoe biologiese faktore mense se gedrag motiveer. (7 × 1) (7)

3.4 Wat kan ons doen om die gevolge van alledaagse spanning te verlaag? (5 × 1) (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1	Lys VIER fisiologiese motiewe.	(4 × 1)	(4)
4.2	Gee VIER voorbeelde van behoeftes in die derde (middelste) vlak van Maslow se hiërargie van behoeftes.	(4 × 1)	(4)
4.3	Wat kan ons doen om te verseker dat ons ander behandel soos ons behandel wil word?	(7 × 1)	(7)
4.4	Wat dink jy leer ons, as individue, op ons pad na selfverwesenliking?	(5 × 1)	(5)
			[20]

VRAAG 5

5.1	Lys VIER voorbeelde van sielkundige faktore wat mense se gedrag motiveer.	(4 × 1)	(4)
5.2	Gee VIER voorbeelde van veiligheidsbehoeftes.	(4 × 1)	(4)
5.3	Watter eienskappe sou jy verwag van iemand wat selfverwesenlik is?	(7 × 1)	(7)
5.4	Hoekom moet gesondheidspraktisyns eerlik met pasiënte wees?	(5 × 1)	(5)
			[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou